# OVI DOSE 3 ①②③†

Reg. Nr. G3916 Wet 36/1947
NS0 V13/18.1.8/1188 Wet 13/2003

**SLEGS VIR DIEREGEBRUIK**

**AANDUIDINGS**
Orale doseermiddel vir skape en bokke.

**SAMESTELLING**
Ivermektien 0,2% m/v
Triklabendasool 10,0% m/v
Levamisool 8,0% m/v

**BERGINGSAANWYSINGS**
Berg in 'n koel droë plek, weg van sonlig.

**WAARSKUWINGS**
- MOENIE DIERE VIR MENSLIKE VERBRUIK BINNE 32 DAE NA LAASTE BEHANDELING SLAG NIE.
- LAKTERENDE SKAPE OF BOKKE MOENIE BEHANDEL WORD AS DIE MELK VIR MENSLIKE VERBRUIK AANGEWEND WORD NIE, EN OOK NIE BINNE 32 DAE VOOR LAMTYD NIE.
- Inenting teen klostridiale siektes bv. bloednier (enterotoxaemia), word aanbeveel voordat met OVI DOSE 3 behandel word.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Alhoewel hierdie produk breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.

**VOORSORGMAATREËLS**
- Moenie leë houers hergebruik nie en verwyder houers en oorskiet inhoud deur te brand of begrawe om besoedeling van waterbronne te vermy.

**GEBRUIKSAANWYSINGS:** GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI
- MOET NIE MET ENIGE ANDER PRODUK VERDUN OF MENG NIE.

**Dosis:**
- Doseer oraal teen 1 mℓ per 10 kg.

| Dosis tabel | |
|---|---|
| **Liggaamsmassa (kg)** | **Dosis volume (mℓ)** |
| Tot 20 | 2,0 |
| 30 | 3,0 |
| 40 | 4,0 |
| 50 | 5,0 |
| 60 | 6,0 |

| DOELTREFFENDHEID: INWENDIGE PARASIETE | | |
|---|---|---|
| **RONDEWURMS** | **Onvolwasse** | **Volwasse** |
| Haarwurm *(Haemonchus contortus)* | * | * |
| Bruinmaagwurm *(Teladorsagia circumcincta)* | * | * |
| Bankrotwurm *(Trichostrongylus colubriformis)* | * | * |
| Langnekbankrotwurm *(Nematodirus spathiger)* | * | * |
| Haakwurm *(Gaigeria pachyscelis)* | * | * |
| Witbankrotwurm *(Strongyloides papillosus)* | * | * |
| Knoppieswurm *(Oesophagostomum columbianum)* | * | * |
| Grootbekwurm *(Chabertia ovina)* | * | * |
| Longwurm *(Dictyocaulus filaria)* | * | * |
| Sambokwurm *(Trichuris spp.)* | | * |
| **LEWERSLAK** | **Alle stadiums** | |
| Lewerslak *(F. hepatica)* | * | |
| Reuse Lewerslak *(F. gigantica)* | * | |

* Beheer = ≥ 90 % doeltreffend

- Gereelde behandeling met 'n middel wat doeltreffend is teen vroeë onvolwasse lewerslak kan besmetting van weivelde verminder.
- OVI DOSE 3 dood alle stadia van lewerslak van 2 weke oud en word dus aanbeveel vir die behandeling van akute- en kroniese uitbrake.
- Behandel alle skape en bokke voordat hulle op potensieel gevaarlike weiding toegelaat word, ten einde besoedeling van die weiding en gevolglike besmetting van die varswaterslak (tussengasheer) te vermy.
- Skape en bokke op besmette weiding moet elke 8 weke met OVI DOSE 3 behandel word om die lewensiklus van lewerslak te breek en die lewer te beskerm. Sodoende word die lewerslaksist van die weiding verwyder en die ontwikkelende slakke word vernietig voor hulle eiers kan lê.
- Behandel alle skape en bokke ± 2 weke nadat hulle van besmette weidings verwyder is.
- Laat winter behandeling van skape en bokke wat blootgestel was aan lewerslak gedurende die somer is daarop gemik om draerdiere skoon te maak en om herbesmettig van die varswaterslak te verhoed.
- Perde en donkies is draers van lewerslak en kan weivelde herbesmet. Raadpleeg u veearts vir verdere advies.

**DOELTREFFENDHEID:**
**UITWENDIGE PARASIETE**
- Neuswurm: Beheer alle stadia (1ste, 2de, en 3de stadium larwes).
- Beheer Australiese jeukmyte.

† ① Makrosikliese laktoon, ② Bensimidazool, ③ Imidotiasool

**Registrasiehouer:** *Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika. Tel: 0861 247 463.*

KYRON

KAH/INS020/2023/1